

---

---

# Tussen aktivisme en quiëtisme: Johannes Ruysbroeck, Andrew Murray en die dialektiese aard van die apostoliese mistiek

**Andries Raath**

**Navorsingsgenoot Departement Filosofie**

**Universiteit van die Vrystaat**

**RaathA@ufs.ac.za**

**<http://orcid.org/0000-0002-1198-5234>**

## **Abstract**

***Between activism and quietism: John of Ruysbroeck, Andrew Murray and the dialectical nature of apostolic mysticism***

*To Evelyn Underhill the greatest mystics are possessed of a vision and experience of God embracing at once the infinite and the intimate aspects of spiritual Reality; illuminating those religious concepts which are, as it were, an artistic reconstruction of the Transcendent, and at the same time having contact with the vast region above and beyond reason. For Ruysbroeck, as for St. Augustine, God is both near and far; and the paradox of transcendent-immanent Reality is a self-evident and inexpressible truth. Ruysbroeck moves between hushed adoration and closest communion, between divine ignorance of the intellect lifted up into God and the divine certitude of the heart in which He dwells; and give us by turns a subjective and psychological, and objective and metaphysical, reading of spiritual experience. Ruysbroeck's mysticism includes both the concept of that Abyss of Pure Being where all distinctions are transcended, and the distinctively Christian and incarnational experience of loving communion with and through the Person of Christ. For him the way of contemplation goes from the heart of man to the Essence of God.*

*The dialectical nature of God is transcended through Love. In similar vein the dialectical opposites of restful contemplation and the fruitful active life is overcome by Love – the transformation of the human will from self-will to love-will – a transformation driving the soul to address the needs of others in the world. Andrew Murray’s mystical spirituality exhibits core-elements of Ruysbroeck’s theology. Murray departs from the irresistible attraction of Christ drawing and holding us like a magnet. Love is the power moving God to draw the human soul. Each application of His blood, each time that He causes the soul to experience its power, is a fresh outflowing of His wonderful love. Desire is the secret power that moves the whole world of living men, and directs the cause of each. God Himself is the unchangeable One, and His blessed rest can never be disturbed, by what is done either by Himself or by others. Murray appeals to believers to retire frequently with Christ into the inner chamber of the heart, where the gentle voice of the Spirit is only heard if all be still. There the light of the father’s love will rise upon them. The secrecy of the inner chamber and the closed door, the entire separation from all around us, is an image of a help to, that inner spiritual sanctuary, the secret of God’s tabernacle, where our spirit truly comes into contact with the Invisible, in the spiritual “Holiest” place of God’s presence. The transformation of the soul to active involvement to address the needs of fellow-human beings, is the outflow of the transcendence of the dialectical tensions between the soul’s rest in Christ and the callings to involvement in God’s creation.*

## 1. Inleiding

In haar werk oor Johannes Ruysbroeck (1293-1381), onderskei Evelyn Underhill drie groepe mistici:

Eerstens, skrywers (soos St. Teresa (1515-1582)) wat hoofsaaklik fokus op persoonlike en innerlike ervarings van die siel, die stadia van kontemplatiewe nadenke en emosionele reaksies van die self by ontmoeting van die goddelike. Vir dié mistici is die verhouding van die siel tot God ’n spirituele duet, waarby die goddelike Objek van die mistieke liefde en begeerte in terme van geykte godsdienstige terme beskryf word.

Tweedens, mistici wat die subjektiewe ervarings van persoonlike intimiteit en liefde transendeer, die metafisiese betekenis van mistieke ervarings vertolk en (soos Plotinus (205-c.270)) die rol van die intellek by mistieke ervarings

betrek. Derdens, na 'n klein groep mistici (soos Augustinus (354-430)) wat dermate deur die aanblik en ervaring van God aangegryp word, dat dit vir hulle sowel die onmeetlike as intieme aspekte van die werklikheid omvat, "... illuminating those religious concepts which are, as it were, an artistic reconstruction of the Transcendent, and at the same time having contact with that vast region above and beyond reason whence come the fragmentary intimations of Reality crystalised in the formulae of faith" (Underhill, 1915:53-54).

Laasgenoemde groep mistici sluit die perspektiewe van sowel die eerste as die tweede benaderings tot mistieke ervarings in: "They swing between hushed adoration and closest communion, between the divine ignorance of the intellect lifted up into God and the divine certitude of the heart in which He dwells; and give us by turns a subjective and psychological, an objective and metaphysical, reading of spiritual experience" (Underhill, 1915:54). Underhill sonder Ruysbroeck (1293-1391) uit as 'n mistieke skrywer wat tot dié groep hoort.

Enersyds maak Ruysbroeck melding van die "Afgond van Suiwer Syn" ["Abyss of Pure Being"] waar alle onderskeidings getransendeer en die siel in die "duister lig" van die Één opgeneem word; andersyds is die ervaring van die liefdevolle gemeenskap met en deur die Persoon van Christus vir Ruysbroeck 'n mistieke werklikheid: Die trapsgewyse kontemplatiewe opstyg tot God is ferm ingebed in die menslike aard, dit verrys uit die menslike hart tot die goddelike essensie en elke trap is van belang vir die hunkerende en voortskrydende siel – 'n spirituele ingesteldheid wat Underhill as die "apostoliese" mistiek beskryf (Underhill, 1915:55). Die apostoliese mistiek bly gefokus op die aard van die Goddelike – uit dié sentrale punt vertak alles en tot dié goddelike Essensie staan die menslike persoonlikheid in 'n intieme verhouding.

Murray was bekend met Ruysbroeck se werke. J. Du Plessis sonder Ruysbroeck en Madame Guyon uit as van die mees geliefde mistieke skrywers waarmee Murray omgegaan het (Du Plessis, 1919:480), terwyl T. de Villiers invloede van devosiemistiek in Murray se spiritualiteit identifiseer (De Villiers, 1919:6, 9, 13).

In hierdie skryfstuk word twee navorsingsvrae beantwoord:

- Het Ruysbroeck se mistiek Andrew Murray beïnvloed?
- Indien wel, wat was die effek van Ruysbroeck se mistiek op Andrew Murray se idee van die goddelike?

## 2. Ruysbroeck en Murray se leer oor die aard van die goddelike

### 2.1 *Ruysbroeck en Murray oor die dialektiese aard van die goddelike*

#### 2.1.1 *Ruysbroeck oor die onbeweeglike godheid*

Ruysbroeck kommunikeer sy beskrywings van die godheid in metafore van persoonlike, metafisiese en ruimtelike aard – ontleen aan die mistieke simboliek van Augustinus (354-430), Dionisius (skryf c.475-525), Richard van St. Victor, Bernardus van Clairvaux (1091-1153), Meister Eckhart (1260-1329), Hendrik Suso (c.1300-1365) en Johann Tauler (c.1300-1361) (Underhill, 1915:58). Onder invloed van paradoksale beelde ontleen aan die Apostel Paulus, Dionisius en Eckhart, beskryf Ruysbroeck die godheid in terme van eenvoud en enkelvoudigheid; toeganklike hoogte en onmeetlike diepte; onbegryplike breedte en ewige lengte; 'n skemer stilte en 'n wilde woestyn (Underhill, 1915:58).

In sy werk *Die Geestelike Huwelik*, skryf Ruysbroeck, gebruik ons, vanweë die beperkinge van die menslike intellek, sinuïglike beelde om innerlike ervarings van die onpeilbare en onbepaalde godheid te beskryf (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) II. xxxvi). Die primordiale werklikheid van die godheid beskik oor 'n tweeledige karakter: Enersyds vertoon die volmaakte Godheid die eienskap van Liefde; andersyds van aktiewe kreatiwiteit. God is die perfekte beliggaming van Liefde: enersyds aktief, verwekkend; andersyds 'n stille vergestaltung van vrugbare rytheid. God is die Absolute Één waar die antitese van ewigheid en tyd, van syn en verandering, opgehef word; sowel staties as dinamies, transendent as immanent; onpersoonlik as persoonlik; ongedifferensieerd as gedifferensieerd; Ewige Rus as ewige Werkzaamheid; die Onbeweeglike Beweger as Beweging. Ons ken so aan God verskillende name toe, hoewel God se natuur Één is. Volgens die vrugbare aard van die goddelike natuur, werk God sonder ophou, want Hy is Suiwer Daad – 'n toespeeling op die Aristoteliese godsbegrip.

#### 2.1.2 *Murray oor die trekkende godheid*

God as Onbeweeglike Beweger figureer prominent in Murray se mistiek. Die beeld van die trekkende God wat die hunkering na die godheid in die hart opwek, is 'n eienskap van Murray se godsbegrip. In sy "With Christ in the School of Prayer" beskryf hy God se openbaring

---

aan die siel met die versoek: “Soek my aangesig” – dít is die magneet wat ons trek en is alleen kragtig om harte vir God se Gees te open (Murray, 2004:196). Elders skryf Murray: “The vision of Christ is an irresistible attraction: it draws and holds us like a magnet.” Liefde is die krag wat God beweeg om die siel te trek: “Each application of His blood, each time that He causes the soul to experience its power, is a fresh outflowing of His wonderful love. The full experience of the power of the blood in eternity will be nothing else than the full revelation of how He gives Himself to us, in a love eternal, unending, incomprehensible – as God Himself” (Murray, 2012:169).

Die bewegende krag wat van God uitgaan, is die Heilige Gees (Murray, 2016a:30). Dit wek die begeerte na God: “Desire is the secret power that moves the whole world of living men, and directs the course of each” (Murray, 2016a:103). Die gewekte begeerte is die “siel” van gebed (Murray, 2016a:30). Die essensie van God se wese is liefde, die krag wat God beweeg om aanspraak te maak op ons toewyding (Murray, 2014:306). God is die Onbeweeglike, wat deur liefde tot geneetheid jeens die mens beweeg word (Murray, 2014a:41). God as Onbeweeglike Beweger is die oorsaak van alle beweging en verandering, “... Himself the immovable and unchangeable One, and that His blessed rest can never be disturbed by what is done either by Himself or by others. Harkening to the loving offer it forsakes all to find its dwelling-place in God and His love. Faith sees what the rest of God is; faith believes that it may come and share in it; faith enters in and rests, it yields itself to Jesus to lead it in and make it partaker. Because it honours it; He opens the door, and the soul is brought to rest in Him” (Murray, 2014a:142).

By God se beweging in die siel, word ons geroep om met geloof en lojaliteit te antwoord op sy trekkings, deur in nederigheid ons harte tot God te verhef (Murray, 2004a:86). Die trekking van die Heilige Gees is die hemelse lig wat ons lei. Dié lig is nie met die natuurlike sintuie waarneembaar nie, maar met die bonatuurlike sintuig van die hart: “Withdraw yourself from all needless distraction, close your ears to the voices of the world, and be a docile learner, ever listening for the heavenly wisdom the master has to teach. Surrender all your own wisdom; seek a deep conviction of the utter blindness of the natural understanding in the things of God; and both as to what you have to believe and have to do, wait for Jesus to teach and guide. Remember that the teaching and guidance come not from without: it is by His life in us that the divine wisdom does His work. Retire frequently with

Him into the inner chamber of the heart, where the gentle voice of the Spirit is only heard if all be still (Murray, 2004c:56-57). Daar is tye wanneer die diep hunkering van die siel om God te ken nie deur uiterlike onderrig gestil kan word nie. Op dié liefdevolle trekking van God kan ons slegs wegkeer van die wêreld in 'n stilte van die siel en beoefening van geloof, deur die geheime krag wat Jesus in die siel (Murray, 2014a:27) uitoefen. Liefde is die element waarin die heiligheid van God vervat en werkzaam is deur alles wat aan Hom gelykvormig is na Hom te trek; liefde is die vlam van die Goddelike liefde, "... reaching out to communicate itself and assimilate to itself all it can lay hold of".

In God se liefde het ware heiligheid dieselfde aard (Murray, 2014:241). God is die Ewige Liefde en oorgawe van die siel aan die oormeesteringskrag van Jesus se liefde en bevrediging van Sy begeerte na die menslike siel: "My soul believe and ponder this wonderful thought, until you feel drawn with overmastering force to give yourself over to Jesus, for the satisfaction of His desire toward you: then shall you be satisfied" (Murray, 2016:17). Die rustelose hunkering na God in die hart, is die effek van God se liefdestrekkings: "God is drawing you to Himself. This is not your own wish, and the stirring of your own heart, but the everlasting Divine magnet is drawing you. These restless yearnings and thirstings, remember are the work of God. Come and be still, and wait upon God" (Murray, 1953:41).

## **2.2 Die gedifferensieerde aard van die godheid, die geboorte van Jesus in die siel en bruidsmistieke metaforiek**

### **2.2.1 Ruysbroeck oor die gedifferensieerde aard van die godheid**

Die aktiewe en "vitalistiese" aard van die goddelike natuur kom vir Ruysbroeck na vore in differensiasie: In die triniteit van die persone van die godheid. Die statiese en absolute aspek van die godheid is die Eenheid van die godheid, die bodemlose Afgrond wat die Syn van God is – 'n idee wat in die Christelike Neoplatonisme vervat is en oorheersend op Eckhart se spekulatiewe mistiek oor die goddelike aard inwerk. Daar is, verklaar Ruysbroeck in 'n passasie wat sterk aan Eckhart herinner, 'n onderskeid en differensiasie tussen God en die godheid, tussen aktiwiteit en rus: Enersyds die vitalistiese karakter van die Persone, waarvan die Triniteit in Eenheid en Eenheid in Triniteit voortdurend in lewende differensiasie werk; andersyds die Eenvoudige Syn van God na sy aard in Ewige Rus.

Ruysbroeck betoog teen valse dilemmas van sowel die vitaliste as

---

die quiëtiste: Met verwysing na die Persone van die godheid, is God Ewige Werkzaamheid en Aktiwiteit; na sy Essensie is God Ewige Rus (Ruysbroeck, 1692:(klassieke verwysing) hoofstuk xiv). Enersyds is die mistieke persoonlikheid aktief deel van die dinamiese wêreld van wording wat sakramentele betekenis vind in dit wat vir sintuiglike waarneming verborge is – die manifestasies van die bruisende wil van God. Ruysbroeck beskryf die aard van die waarneming deur naakte aanskoue soos volg: Die verligte siel transendeer die rasonele en versink in onbevleete aanskoue; dit antwoord op die aantrekking van die Goddelike Eenheid met onbevleete visie en naakte waarneming en dring deur tot die diepste betekenis van alle syn (Ruysbroeck, 1692b:(klassieke verwysing) hoofstuk viii). Dié aanskoue is nie vir filosofiese denke toeganklik nie.

Sedert die aanvang van filosofiese denke en vrugtelose pogings om die paradoks op te los van Syn en Wording; van Ewigheid en Tyd, bly filosofiese denke in gebreke om te aanvaar dat 'n bepaalde persoonlikheidstipe in die soeke na waarheid groter klem lê op ervaring en direkte persepsie as op spekulatiewe denkprosesse. Ruysbroeck handhaaf die benadering dat die soeke na die “Absolute” nie in terme van teoretiese postulate opgelos kan word nie, maar deur groeiende en uitdyende bewussyn en 'n visie van die werklikheid benader moet word, wat die waarnemingsvermoë van die rasionalistiese te bowe gaan. Kontemplasie is die weg tot indringing in die ware aard van die Absolute: stilte na die essensie van God, aktiwiteit en werkzaamheid volgens Sy aard. Perfekte stilte en volmaakte vrugbaarheid is vir Ruysbroeck aanduidend van die tweevoudige aard van die Absolute (Ruysbroeck, 1692c:(klassieke verwysing) hoofstuk xii). Kontemplasie is die mistieke medium ter verwesenliking van die gemeenskap met die ware Werklikheid – die liefdesontmoeting met die Goddelike Syn in die hart van Liefde (Ruysbroeck, 1692d:(klassieke verwysing) hoofstuk ix).

Vir Ruysbroeck is ons roeping en werk die liefde van God. Ons bevrediging lê in die onderwerping aan die Goddelike Omhelsing, wat die wesentlike van dié vorm van kontemplasie is, naamlik die persoonlike oorgawe aan die Onbeperkte. Wanneer liefde ons oor alles heen voer, bo die lig, na die Goddelike Duister, word ons deur die Ewige Woord – die gelykenis van die Vader – getransformeer. Soos die lug deurdring word van die son, ontvang ons die Ondeurgroendelike Lig wat ons omvou en binnedring. Dié lig is die kontemplasie van die Onbeperkte en 'n intuïsie van die Ewigheid. Ons beskou onself soos

ons is, ons is wat ons aanskou, omdat ons denke, lewe en syn verhef word en verenig word met die Waarheid wat God is (Ruysbroeck, 1692d:(klassieke verwysing) hoofstuk ix).

Dit wat vir ons aktiwiteit is, is vir Ruysbroeck volkome rus. Die ontplooiing van die mistieke bewussyn kulmineer by Ruysbroeck in 'n Herakleitiese moment: Die geheimenisvolle samehang van eenheid in verskeidenheid. Herakleitos se toespeeling op die *Logos* – die verborge eenheid te midde van die verskeidenheid – staan in jukstaposisie teenoor sowel die idealistiese verabsoluttering van eenheid as die vitalistiese negering daarvan (Underhill, 1912:45). Ruysbroeck se tweevoudige godsbeskouing resoneer in Augustinus se vraag: *Quid es ergo Deus meus?* Die mistieke visie en die geniale intellektuele insig van die filosoof onthul die paradoks van intimiteit en majesteit van die alomvattende, alles transenderende *Één*: “Most highest, most good, most potent, most omnipotent; most merciful, yet most just; most hidden, yet most present; most beautiful, yet most strong, stable, yet incomprehensible; unchangeable, yet all-changing; never new, never old; all-renewing, and bringing age upon the proud, and they know it not; ever working, ever at rest; still gathering, yet nothing lacking; supporting, filling, and overspreading; creating, nourishing, and maturing; seeking, yet having all things. Thou lovest, without passion; art jealous, without anxiety; repentest, yet grieveest not; art angry, yet serene; changest Thy works, Thy purpose unchanged; receivest again what Thou findest, yet didst never lose; never in need, yet rejoicing in gains; never covetous, yet exacting usury. Thou receivest over and above, that Thou mayest owe; and who hath aught that is not Thine? Thou payest debts, owing nothing; remittest debts, losing nothing. And what had I now said, my God, my life, my holy joy? or what saith any man when he speaks of Thee? Yet woe to him that speaketh not, since mute are even the most eloquent” (Augustinus, 2021:3).

### 2.2.2 Murray oor die verhouding van die siel tot die godheid

Murray se opvattinge oor die verhouding van die siel tot die godheid, vertoon merkbare ooreenkomste met Augustinus se leer in dié verband. Volgens Augustinus is die siel 'n afbeelding van God, 'n triniteit in die klein, 'n drie-eenheid van *memoria* (herinnering), *intelligentsia* (verstand) en *voluntas* (wil), waarvan die rasonale 'n goddelike karakter vertoon. Deur selfrefleksie is kennis van die goddelike moontlik.

Ook die Neoplatonistiese motiewe van inkeer in die selfheid en terugkeer na die grond van die bestaan, figureer prominent in



Augustinus se spiritualiteit. God woon in die allerdiepste van die siel en God is meer innerlik en hoër as die hoogste (*interior intimo et superior sumo meo*) (Augustinus, 1838:(klassieke verwysing) III. 6. 11). God kommunikeer met die mens in die sentrum van die siel. Die siel se terugkeer na God vereis dus dat die siel in homself keer (Augustinus, 1838:(klassieke verwysing) X. 8. 12-27, 38; VII. 10. 16) en trapsgewys tot God nader – die erfenis van Plato se vergeestelike *gnosis*-leer (Augustinus, 1838:(klassieke verwysing) VII. 10). Geleidelik word die siel gesuiwer van die sintuiglike, van begeertes, deur te konsentreer op die geestelike en ontleding van die sintuiglike, sodat 'n lig in die siel opgaan (Augustinus, 1838:(klassieke verwysing) IX. 10. 20-25). Dié lig is 'n mistieke ervaring, wat die menslike gees oormeester – 'n voltooiing van die Platonistiese mistieke gang deur suiwering, verligting en vereniging – 'n triade wat in die post-Augustiniese era die stempel van die Christelike mistiek geword het.

Vir Murray is die goddelike Triniteit 'n liefdeseenheid: “The whole of God the Father is to beget God the Son, and that it is the work which goes on through eternity. When we read of the eternal generation, that does not mean that it was a thing in the past. Eternity, what is eternity? Eternity is ever going on. It is an ever present now, and the one work of God the Father is to beget the Son” (Murray, 1897:30 e.v.). God is liefde en liefde is die goddelike almag. Liefde is die lewe en glorie van God. Ja, God is liefde – liefde van die Vader, Seun en Heilige Gees en God se liefde gee aan ons die Seun in ons harte (Murray, 1897:30 e.v.). Die Heilige Gees is 'n Gees van lig en wysheid en lei ons tot die hemelse geheime van God (Murray, 1898:20).

Die Augustiniese opvatting oor die godheid het in die mistiek van William Law die eenwording met die godheid beklemtoon – invloed wat by hom kulmineer in die klem op die soeke na eenwording van die siel met God. Dit is die seën wat vir alle mense uit hoofde van die goddelike element latent in alle mense teenwoordig is, beskore is en deur die geboorte van Christus in elke siel gestalte kry (Harvey, 1914:42). Die Triniteit vind sy diepste eenheid in die heiligheid van liefde: “It is the holiness of love, in a loving holiness of love, in a loving holiness, that the unity of the body will be proved and promoted, and prepared for the further workings of the Holy Spirit” (Murray, 2014:5). Tugtiging en beproewing bring ons hart tot eenheid met God se Wil, God se Seun, God se Liefde: “Abide in God’s Will. Abide in God’s Son. Abide in God’s Love. Dwell within the veil, in the Holiest of all” (Murray, 2014:282).

## **2.3 Ruysbroeck en Murray oor intuïtiewe waarneming en die kenbaarheid van die godheid**

### **2.3.1 Ruysbroeck en die intuïtiewe kennis van God**

Die spontane opbruising en belewenis van die intuïtiewe liefdesgevoel, is die sleutel tot ervaring van die godheid. Die eerste impuls wat ons wese verhelder, is die liefdesemosie wat ons bewussyn binnestroom en ons bewussyn verlig. Uit dié emosie spruit die beweging van begeerte ter versterking van die wil. Dit lê die grondslag vir die perfekte konsentrasie, die passiewolle fokus van die self op 'n enkele punt in die "eenheid van die gees en die bande van liefde" op transendentale dinge – die voortrap tot kontemplasie en gemeenskap met die Absolute Werklikheid (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) l. ii. iv).

Perfekte konsentrasie behels die eenheid van gees vasgevang in bande van liefde. Dit is 'n toestand tiperend van die mistieke bewussyn, die noodsaaklike voorspel tot suiwer kontemplasie en die staat van bewussyn wat die mistikus toegang tot gemeenskap met die Ewige Werklikheid verleen. Die liefde en wilskrag van die mistikus is op die transendente werklikheid gefokus, sensitief vir die emosionele aantrekking van die supersensuele Objek van die mistieke bestemming, gelei deur dié liefdesdrang wat elke skepsel tot verwesenliking van sy eie aard lei. Hieruit ontspring ook die wilskrag tot gemeenskap met die Absolute Objek. Dié wil, dié brandende en dinamiese begeerte, kom tot uitdrukking in die gefokusde en bewuste konsentrasie van die hele selfheid op die Objek, wat die kontemplatiewe staat voorafgaan.

Kontemplasie is 'n psigiese deurgang; 'n metode om van een staat van bewussyn na 'n ander oor te gaan. Tegnies gesproke is dit die toestand waarin die mistieke blik verskuif.

Die tiperende mistieke persepsie waarvan Ruysbroeck melding maak, is 'n ander staat van bewussyn, 'n ander "sintuig" wat aan die psigiese vermoëns van emosie, intellek en wil verbind is. Hoewel dit in elk van die drie vermoëns tot uitdrukking kom, verskil dit van die emosionele, intellektuele en wilsuitinge van gewone sterweling. Dié kontemplatiewe bewussyn verskil van die rasonele vir sover dit berus op die trans-sensuele persepsie van die Neoplatonisme. Vir die *Theologia Germania* is dit die vermoë om die ewigheid te aanskou (Anon., 1854:hoofstuk vii), vir Augustinus is dit die misterieuse oog van die siel wat die onveranderlike Lig waarneem (Augustinus, 2021:(klassieke verwysing) vi. x) en volgens St. Bernard is dit die siel se foutlose intuïsie en onmiddellike aanskoue van waarheid (Bernard,

1987:(klassieke verwysing) ii. ii).

Kontemplasie is gedrenk in liefde vir die Absolute; dit is primêr 'n emosionele beweging van die hart gevul met intellektuele onderskeidingsvermoë en onweifelende wilskrag, vooroordele, hunkerings en self-behepthheid. Dié staat van kontemplasie is 'n toestand van rustige arbeidsaamheid. Die oppervlakte selfheid dwing homself tot stille rustigheid, sodat die diepgesetelde sielsvermoëns hul aktiewe spirituele werking kan voltooi. Die transendering van ons rasonale vermoëns is 'n hemelse ontmoeting waar, skryf Ruysbroeck, die Absolute ons oorspoel, die menslike gees uitvloei tot kontak met die goddelike en die Onbepaalde bo alle rede en kennis ontmoet word in die ware mistieke staat (Ruysbroeck, 1692a:(klassieke verwysing) hoofstuk xiv).

Die Onbevatlike Godheid verseker die hunkerende siel van sy teenwoordigheid, "I must abide at thy house. This hasty descent, to which he is summoned by God is nothing else than a descent through desire and through love into the abyss of the Godhead, which no intelligence can reach in the created light. But where intelligence remains without, desire and love go in" (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) I. i. xxvi). Die amourotiese naïewe waarneming en nie die menslike rede nie lei ons tot die Absolute. Die mistieke liefdesmotief speel 'n oorheersende rol by die Middeleeuse mistiek van die denkers van die Lae Lande – soos dié van Ruysbroeck. Liefde is verhewe bo alle ander dinge: Dit alleen maak wat swaar is lig en alles wat ongelyk is, gelyk. Niks is so teer as liefde, niks sterker, niks hoër, niks wyer, omdat liefde deur God gebore is en slegs rus kan vind in God, bo alle geskape dinge. Die gees gevul met liefde vind alleen rus in Een Opperwese, die Bron van alles wat goed is.

### 2.3.2 Murray oor die kenbaarheid van God

Murray beklemtoon konsekwent dat geestelike begrip en wysheid kennis van God bring: "How often have you longed for wisdom and spiritual understanding that you might know God better whom to know is life eternal" (Murray, 2004c:51). In Christus is die enigste ware kennis van God te vind: "His love, His power, His infinite glory will, as you abide in Jesus be so revealed as it hath not entered into the heart of man to conceive." Die menslike rede is onvoldoende om die wese van God te deurgrond: "You may not be able to grasp it with the understanding; or to express it in words; but the knowledge which is deeper than thoughts or words will be given in the knowing of God

which comes of being known of Him” (Murray, 2004c:51). God begeer dat ons gevul sal wees met die kennis van sy wil in alle wysheid en geestelike begrip. Dié kennis kom tot ons in die stil dieptes van die hart (Murray, 2004b:44).

Verligting deur ware kennis van God geskied dus nie langs die weg van die mens se rasonale vermoëns nie. Murray verwys na Gerhard Tersteegen (1697-1769) in dié verband: “Of the denial of the natural understanding Tersteegen says: God and His truth are never known aright, save by such an one as, by the dying of his carnal nature, his inclinations, passions, and will, is made very earnest and silent; and by the abandonment of the manifold deliberations of the understanding ...” (Murray, 2017:263). Die hart is die lewende fontein van lig: “And any one that lives in a heart entertained with God, will often with a glance of the eye discern more truth than another with the greatest exertion” (Murray, 2017:263).

Murray se spiritualiteit van goddelike kennis in die binneste verraai die invloed van die Neoplatonistiese *gnosis*-leer: In die bodem van die mens se bestaan is die oergrond van alle syn te vind. Die grond van die menslike bewussyn val saam met die goddelike bewussyn (die AI). Die mens keer terug na die godheid deur verinnerliking. Deur selfbetragting word die punt bereik waar die goddelike en die menslike mekaar ontmoet. Die goddelike inwoning in die diepte van die siel is ook die aanknopingspunt van die heimwee-mistiek: Die siel het ’n onversadigbare verlange na die godheid, omdat die stuurman van die siel, die *nous*, die rede, ’n afskynsel is van die *Een* en gelykes aangetrek word deur gelykes, soos die oog deur lig aangetrek word. Deur afskoue van die sintuiglike, liggaamlike, verstandelike, sigself, verwerf die mistikus verligte kennis, ’n instroming van liefde: Plotseling word hy bewus van ’n spirituele teenwoordigheid, soos van ’n groot lig. Die mistikus is passief en word deur die godheid in besit geneem. Dít is die vereniging, die Platonistiese terugkeer na die oorspronklike suiwerheid en gelykvormigheid met die *Één*.

## **2.4 Ruysbroeck en Murray se mistiek van verinnerliking**

### **2.4.1 Immanensie en verinnerliking in Ruysbroeck se mistiek**

Mistieke verinnerliking, verklaar Plotinus, is gebaseer op die feit dat God nie uiterlik tot die mens bestaan nie, maar teenwoordig is in alle dinge, hoewel die mens nie daarvan bewus is nie (Plotinus, 2018:(klassieke verwysing) vi. 9). Tensy die teorie van immanensie beperkinge opgelê word, bestaan die gevaar om in panteïsme en

---

vergoddeliking van die gedaanteverwisseling van die siel te verval. Die introspektiewe fokus en die inwaartse reis van die kontemplatiewe siel, vorm 'n sleutelelement van bykans alle mistieke tradisies.

Ruysbroeck onderskei voorts die verskillende “vlakke” of “lae” in die oorgang van die materiële wêreld en die Absolute – 'n sleutelgedagte van die Platonistiese teorie van emanasies. Gekoppel aan die amourotiese gerigtheid van die siel, verklaar Ruysbroeck dat deur eenvoudige introspeksie in die polsende liefde, die mistieke siel God sonder tussenganger ontmoet (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) I. ii. lxxi) en beluister die Vader van die Ligte wat 'n ewige Woord in die mees geheime deel van die gees spreek (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) I. iii. i). Die goddelike essensie, of substansie, wat die introspektiewe mistici in die grond van die menslike gees vind, is die “vonkie van die siel” volgens Meister Eckhart, die “grond” in Johann Tauler se mistiek, die “Innerlike Lig van die Kwakers” en die “Goddelike Beginsel”, volgens die moderne transendentaliste. Die onvolkomenheid van teologiese en filosofiese denke om dié dieptelaag van die menslike gees te beskryf, noop mistieke skrywers om hul toevlug tot allerlei metaforiese uitdrukkings te wend. Lig, lewe en liefde is die simbole waarvan mistieke outeurs hul dikwels laat bedien om die ontmoeting met die Drie-Eenheid in die dieptelae van die menslike gees te beskryf. Ruysbroeck skryf byvoorbeeld dat die boesem van die vader die grond en oorsprong is van ons grond en oorsprong; die bedding waarin ons lewe en waaruit ons syn ontspring (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) I. iii. v). Oor die lewe merk Ruysbroeck op dat alles wat leef in die verborge eenheid van die Vader ook leef in die Seun (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) I. iii. v). Liefde is die trekkrag wat aan sowel die transendente as geskape wêreld deel het. God is die Opperste Subjek van mistieke liefde, die Seun (of verwekte *Logos*) is die Objek in Wie God Homself kontempleer (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) I. iii. v). Die liefde van God se Gees van Liefde dui op die persoonlike verhouding tussen beide en weerspieël die karakter van God: Hul adem 'n Gees, verklaar Ruysbroeck, van die Eerste en Tweede Persone wat hul wil en liefde beliggaam (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) I. ii. xxxvii). Wat liefde betref, verklaar Ruysbroeck, kan die mistikus die aardse werklikheid transendeer en deel kry aan die rykdomme en vreugdes van God, rykdomme wat God onophoudelik na die diepste kamer van die siel kanaliseer, “... at that place where it is most like

unto the sublimity of God” (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) I. iii. v). Die Woord, verklaar Ruysbroeck, is die voortkoms en geboorte van die Seun van die Ewige Lig, waarin alle seën aanskou word en kenbaar is (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) I. iii. i). Elders beskryf Ruysbroeck dié geboorte in ’n eerste of kosmiese sin as die opbruising van die Gees van Lewe uit die Goddelike Afgrond van die onbepaalde Godheid. Uit die Vader en alles wat in Hom leef, skyn ’n ewige Straal, naamlik die Geboorte van die Seun (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) I. iii. v).

#### *2.4.2 Immanensie en verinnerliking in Murray se mistiek*

By monde van die gespreksgenoot, Theophilus, beskryf Murray die werking van God in die siel as die kultivering van ’n hemelse vonkie aldaar (Murray, 1898a:xii). In sy *Hebrews. The Holiest of All*, sonder Murray die hart as diepste setel van die mens se bestaan uit: “In man’s nature the heart is the central power. As the Heart is so is the man. The desire and the choice, the love and the hatred of the heart prove what a man is already, and decide what he is to become; ... the heart gives the real inward man his character; and the ‘hidden man of the heart’ is what God looks for. God has given us access to the secret place of His dwelling; to the inner sanctuary of His presence and His heart ... our innermost being must in truth be yielded to Him, true to Him” (Murray, 2014a:78).

Ware godsdiens is iets van die hart en die innerlike lewe. Die mens se hart is geskape en beklee met al sy vermoëns, sodat dit God en sy liefde kan ontvang (Murray, 2014a:383). Die hart is die binneste heiligdom van God se liefde en die heilige Gees tree tot in die binneste heiligdom van ons liefde, die hart (Murray, 2014a:386). Die inkeer in die binneste stel ons in staat om intuïtief die goddelike waarhede te deurskou. Baumker beskryf dit soos volg: “Die ewigen Wahrheiten, die Inhalte der intelligibelen Welt, offenbaren sich dem Menschengenoste, so dass dieser sie nicht aus der sinnlichen Wahrnehmung und dem Gebiet des niederen Wissens (scientia) erarbeitet, sondern als von den gegeben in sich antrifft und auf diese Weise zur Wahrheitserkenntnis gelangt” (Baumker, 1913:593).

## **2.5 *Begeerte, wil en hunkering na die godheid in Ruysbroeck en Murray se mistiek***

### *2.5.1 Ruysbroeck oor die vereniging van die siel met die godheid*

Die vertrekpunt van die menslike siel op die weg na vereniging met

---

die Godheid, is die verligting van die siel deur die Ongeskape Lig. Dit skep 'n honger wat nie met aardse spys gevoed kan word nie en is die verligte innerlike begeerte en aspirasie van die affektiewe kragte en geskape gees na die Ongeskape Goed. Die begeerte van die siel om vrug op te lewer, spruit uit God se uitnodiging en aandrang. Die onstilbare honger en dors na die Godheid, dryf die siel met 'n onstilbare hunkering na God: "Behold! here begin the eternal aspiration and eternal effort, of an eternal helplessness! These men are poor indeed: for they are hungry, greedy, insatiable! Whatsoever they eat and drink they cannot be satisfied, since theirs is the hunger of eternity ... Here there are great feasts of food and drink, of which none know but those who are bidden; but the full satisfaction of fruition is the one dish that lacks them, and this is why their hunger is ever renewed. Nevertheless there flow in this communion rivers of honey full of all delight; for the spirit tastes of these delights under every mode that can be conceived. But all this is according to the manner of the creatures, and is below God: and this is why there is here an eternal hunger and impatience. If God gave to man all the gifts which all the saints possess, and all that He has to offer, but without giving Himself, the craving spirit would remain hungry and unfulfilled" (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) I. ii. liii).

Ruysbroeck gebruik die metafoer van die samevoeging van die bruid (hunkerende siel) en die Bruidegom (Christus) om die tuiskoms van die siel te verduidelik: Die ewige koms van die Bruidegom is die voortdurende nuwe geboorte en verligting. Die grond waar die ongeskape Lig skyn en wat Self Lig is, is lewend en vrugbaar en bygevolg manifesteer die Ewige Lig vernuwend sonder onderbreking in die mees geheime deel van ons siel. Hierdie bruidsmistieke metafore en mistieke ligsimboliek beskryf die transenderende effek van die vereniging van die siel met God: "Behold! all human works and active virtues are here transcended; for God discloses Himself only at the apex of the soul. Here there is nought else but an eternal contemplation of, and dwelling upon the Light, by the Light and in the Light. And the coming of the Bridegroom is so swift, that He comes perpetually, and He dwells within us with His abysmal riches, and He returns to us as it were anew in His Person, with such new radiance, that He seems never to have come to us before ... Now this active meeting, and this loving embrace, are in their essence fruitive and unconditioned; for the infinite Undifferentiation of the Godhead is so dark and so naked of all image, that it conceals within itself all

the divine qualities and works, all the properties of the Persons, in the all-enfolding richness of the Essential Unity, and forms a divine fruition in the Abyss of the Ineffible One” (Ruysbroeck, 1916:(klassieke verwysing) III. iii & vi).

Ruysbroeck volg die Dionisiese beskrywing van die skemer en onbeskryfbare kontemplasie van die Onnoembare Transending, die beeldlose absorpsie in die Absolute, in terme van die Goddelike Duister: Mistieke kontemplasie vereis afskeid van die sintuiglike en die werking van die verstand, alles wat materieel en intellektueel is, alles wat *is* en alles wat *nie is* nie. Dit behels die transkonseptuele vlug na en vereniging met Dit wat alle essensie en alle idees te bowe gaan, die oorgawe van die selfheid en wat baai in die skynsel van die Goddelike Duisternis (Dionisius, 1920:(klassieke verwysing) I. i).

### 2.5.2 Murray oor begeerte, wil en hunkering na God

Die aanknopingspunte van Murray se Neoplatonistiese *eros*-gerigte heimwee-mistiek veronderstel die fundamentele antitese tussen God en wêreld met die meegaande mistieke dualiteite van lig en duisternis, gees en liggaam, goed en sleg. Die goddelike oorsprong van die siel en die heimwee van die siel na vereniging met die Ewige berus op die basis van anamnesis. Voor die geboorte was die siel in die teenwoordigheid van die suiwer Syn en die aanskoue van die ewige, onveranderlike werklikheid uit hoofde waarvan die siel oor die vermoë beskik om dié ware werklikheid deur middel van die *nous* – stuurman van die siel – te verstaan (Plato, 1980:238).

Die soekende siel word deur liefde (*Eros*) na die ware werklikheid begelei. *Eros* bemiddel die ontmoeting van die goddelike en die stoflike wêreld en verhef die siel vanaf die aardse na hemelse dinge. *Eros* is die verlange, die heimwee, van spekulatiewe, religieuse en affektiewe aard (Festugière, 1975:328). Kontemplatiewe aanskoue is sowel ’n denkaktiwiteit as ’n religieus-mistieke ervaring (Festugière, 1975:328).

Murray se standpunte oor begeerte en wil volg dié Neoplatonistiese mistieke lyn en die herinterpretasies daarvan in die mistiek van Ruysbroeck, Böhme en Law. Wanneer self-wil vrye teuels het en voorsiening gemaak word vir bevrediging van sy begeertes, is ons ongehoorsaam aan God en sy bevele. Dit verduister die siel (Murray, 2004b:52). Begeerte is ’n kragtige katalisator van geloof. Dit is die grootste motiverende krag in die heelal (Murray, 2004b:64). God se begeerte om ons te red het Hom beweeg om sy Seun te stuur (Murray,



2004b:64). In sy werk *Abiding in Christ*, verklaar Murray dat fokus op God se seënige, begeerte aanvuur en die wil met sy kragte opwek om die onuitspreeklike seën van God toe te eien (Murray, 2004c: 14). Die volkome oorgawe van eiewilligheid, aflê van die vlees en elk van sy begeertes en plesier, afskeiding van die wêreld, prysgawe van die self en eiebelang ter wille van andere is sleutelvoorwaardes vir die ontmoeting van God in die siel (Murray, 2004c:83).

Ons is God se verlostes, sy vreugde en sy hunkering. Sy begeerte na ons is 'n brandende liefde sterker as die dood, 'n dors wat nie met water gelê kan word nie en 'n hunkering na ons gemeenskap en liefde (Murray, 2004c:155). God streef op alle moontlike wyses daarna om ons begeertes op te wek en in wedersydse begeerte jeens Hom te ontbrand: "Consider God as the goal of all your thoughts and desires, as the mark to which they should tend and what they should avoid" (2004a:27). Die mens beskik oor 'n vrye wil wat deur liefdesbegeerte van God tot liefdeswil getransformeer kan word: "This is the great mystery of man's creation with a free will, and also of the renewal of his will in redemption, that God has made the execution of His will dependent on the will of man. Of God's will revealed in His promises, so much will be fulfilled as our faith accepts" (Murray, 2015:259). Geloof is die krag waardeur besluit word hoeveel van God se wil in ons gestalte sal verkry. Wanneer God aan die siel openbaar wat Hy gewillig is om vir die siel te doen, berus die verantwoordelikheid vir die uitvoering van dié wil by die mens (Murray, 2015:384).

## 2.6 *Ruysbroeck, Murray en die quiëtisme*

### 2.6.1 *Ruysbroeck oor geestelike passiwiteit en aktiwiteit*

Selfs in kontemplatiewe stilte en rustige passiwiteit, beskik die mistieke gees oor 'n dinamiese en doelgerigte karakter, omdat hy 'n pelgrim is wat onderweg is na sy ewige tuiste. Gedring deur die geneigdheid tot transendensie, is die siel ewigdeur soekend na die hoër vlakke van geestelike vervulling en verkeer dus in voortdurende rustelose aktiwiteit. Quiëtisme, synde passiwiteit in 'n letterlike sin, die afwesigheid van die krag, of gebruik van inisiatief van die siel in enige staat, is afwesig in die denke van Ruysbroeck, omdat vereniging met die Absolute hoër vlakke van aktiwiteit veronderstel. Vereniging met God behels nie eenwording nie: "Thus the spirit is caught by a simple rapture to the Trinity and by a threefold rapture to the Unity, and yet *never does the creature become God*: never is she confounded with Him. The union is brought about by Love; but the creature sees and

feels between God and herself an eternal and invincible distinction ... When God gives Himself to a soul, the chasm between herself and Him appears immense: but the powers of the soul, reduced to simplicity, suffer a divine transformation ... the spirit feels the truth and splendour of the divine union, yet still feels in itself an essential propensity towards its ancient state; and this propensity safeguards in it the sense of the gap which is between God and itself" (Underhill, 1912:506).

Om God te besit, skryf Ruysbroeck, vereis en veronderstel deurlopende aktiwiteit. Ons lewe is in God versonke en vorm 'n eenheid met dié van God, teenstrydig in die kenmerke daarvan: ryk en arm, honger en versadig, aktief en passief (Ruysbroeck, 1692d:(klassieke verwysing) hoofstuk ix). Deurlopende aktiwiteit staan in jukstaposisie tot die quiëtistiese leerstuk van die Enkel daad, synde die eenmalige versmelting van die wil met God. Laasgenoemde lei tot suiwer passiwiteit en afwysing van alle aktiwiteit – 'n staat van ongeërgdheid en Suiwer Liefde wat geen ruimte vir die aktiewe betrokkenheid by die nood van andere laat nie. Volgens Ruysbroeck eis die ideaal van vereniging met die Absolute juis groter liefdesbetrokkenheid by andere. Versmelting met die Liefde, aktiveer juis die liefdeswil tot deugdelikheid jeens andere. Ruysbroeck se afwysing van die quiëtisme spruit uit die essensie van die vereniging met God: Om te ontvang en te gee: "He took his life from the Transcendent; he was a focus of distribution, which gave out that joyous life again to other souls" (Underhill, 1915:27-28).

### *2.6.2 Murray en die dialektiek van aktiwiteit en passiwiteit*

Soos Ruysbroeck, vermy Murray die passiewe versinking in die selfheid. Die vereniging met Christus maak ons aktiewe deelgenote aan sy werk; aktiewe vennote en medewerkers (Murray, 2015:230). Christus is ewiglik aktief saam met die ander Persone van die Drie-eenheid: "... all the Three persons are actively engaged: The One is ever Three, the Three are ever One" (Murray, 2015:329). Die stille wag op God is die vertrekpunt vir die aktivering van die aktiewe liefdesaktiwiteit in die hart van die gelowige: "He [the believer] must therefore cease entirely from his own doing, and wait for the working of God in him. As he ceases from self-effort, faith assures him that God does what He has undertaken, and works in him. And what God does is to renew, to sanctify, and waken all his energies to their highest power. So that just proportion as he yields himself a truly

passive instrument in the hand of God, will be wielded of God as the active instrument of His almighty power” (Murray, 2004c:128). Die siel wat oor die kombinasie van volkome passiwiteit en hoogste aktiwiteit beskik, het die diepste bewussyn van die Christelike lewe (Murray, 2004c:128). Die verenigde lewe met Christus is sowel passief as aktief: “Among the lessons to be learnt of those who are studying the blessed art of abiding in Christ, there is none more needful and profitable than this one of stillness of soul. In it alone can we cultivate that teachableness of spirit, to which the Lord will reveal His secrets. It is the spirit exhibited so beautifully in all three Marys ... It is a soul silent unto God that is the best preparation for knowing Jesus, and for holding fast the blessings He bestows. It is when the soul is hushed in silent awe and worship before the Holy Presence that reveals itself within, that the still small voice of the blessed Spirit will be heard” (Murray, 2004c:128).

Stille afwagting is krag, die bron van die grootste aktiwiteit – die geheim van die vereniging met Christus (Murray, 2004c:130). Tot die mate wat die gelowige homself as passiewe instrument in die hand van God laat, tot dié mate gebruik God hom as aktiewe instrument van sy almag: “The soul in which the wondrous combination of perfect passivity with the highest activity is most completely realized, has the deepest experience of what the Christian life is” (Murray, 2004c:128). Die liefde vir Christus vereis stille wag op God; die liefde van Christus dring tot aktiewe betrokkenheid by die ellende van die wêreld (Murray, 2019:31-32).

### 3. Samevatting en gevolgtrekking

Die navorsingsvrae gestel aan die begin hiervan, word soos volg beantwoord:

- Ja, Ruysbroeck se mistiek hét op Andrew Murray se spiritualiteit ingewerk. Die Neoplatonistiese en Middeleeuse mistieke denke van die Lae Lande het via Ruysbroeck vrugbare teelaarde in Murray se mistiek gevind. Die primordiale werklikheid van die godheid beskik by sowel Ruysbroeck as Murray oor ’n tweeledige karakter: Aktief en passief, ewigheid en tyd, onbeweeglike Syn en verandering, transendensie en immanensie, onpersoonlikheid en persoonlikheid, ongedifferensieerdheid en differensiasie. God se volmaakte eienskap van liefde is die krag wat die dualistiese aard van die godheid transendeer.

Die Aristoteliese godsidee van die Onbeweeglike Beweger is die verwysingspunt wat God beweeg om die siel na Hom te trek deur die bewegende krag van die Heilige Gees wat die begeerte na God in die siel opwek. Sowel by Ruysbroeck as by Murray is liefde die essensie van God – ’n krag wat God beweeg om aanspraak te maak op ons toewyding. By God se beweging in die siel, word ons geroep om met geloof en lojaliteit te antwoord op sy trekkings deur in nederigheid ons hart tot God te verhef.

Die trekking van die Heilige Gees is, metafories uitgedruk, die hemelse lig wat ons lei – lig wat nie met die sintuie waarneembaar is nie, maar met die bonatuurlike vermoëns van die hart. Die Gees is die stem en trekkrag in die hart. Dié stem is slegs waarneembaar deur afskoue van die wêreldse en inskoue in die dieptes van die hart. Die stem en krag van die Gees is die liefde – die element waarin die heiligheid van God verkeer en werksaam is deur alles wat aan Hom gelykvormig is na Hom te trek.

Ruysbroeck se transendering van aktivisme en quiëtisme deur die krag van die liefde in die binneste van die menslike gees, kulmineer by Murray se godsidee as ongedifferensieerde Syn en ewige Rus, as die Aktief Werkende vergestaltung van Liefde. By sowel Ruysbroeck as Murray figureer die aanvaarding van die Absolute, wat nie in terme van teoretiese postulate deurgrond kan word nie. Kennis van die essensie van die godheid geskied slegs deur ’n groeiende en uitdyende bewussyn van Liefde wat nie rationeel nie, maar deur kontemplasie ervaar en geken kan word. Sowel die stil bepeinsende kontemplasie van die Liefde in die hart, as die vrugbare werksaamheid ter verbreding van God se Liefde in die wêreld, is aanduidend van die twee kante van die Absolute. Die liefdesontmoeting met die goddelike Syn is vir sowel Ruysbroeck as Murray die weg tot die vereniging met die Bruidegom (Jesus) as bestemming van die inwaartse reis. By sowel Ruysbroeck as Murray resoneer die paradoks van intimiteit en majesteit van die alomvattende, alles transenderende Één van Augustinus. Laasgenoemde se klem op selfrefleksie en kommunikasie met God in die diepte van die siel, is Neoplatonistiese erfgoed wat waarskynlik via Ruysbroeck in Murray se mistiek neerslag gevind het.

- Die Augustiniese neerslag van die liefdesaard van die goddelike was waarskynlik die element in Ruysbroeck se mistiek wat die sterkste invloed op Murray uitgeoefen het. By Murray word die Liefde as goddelike essensie die speerpunt van sy mistiek. Die goddelike Triniteit is ’n Liefdeseenheid: God die Vader verwek van alle ewigheid die Seun in liefde; die Heilige Gees is die Liefdeskrag wat die siel trek tot vereniging

met Jesus in die diepste roersele van die hart. Die transformasie van self-wil tot liefdeswil open die weg tot die eenwording met God se Wil, God se Seun, God se Liefde in die Allerheiligste van die hart. Murray se dualistiese Godsmistiek sou tereg as liefdesmistiek tipeer kon word – die erfenis van die Neoplatonisme, wat via Augustinus en Ruysbroeck sterk invloed op Murray se bruidsmistieke geneigdheids en sy afwysing van die quietisme uitgeoefen het.

## Bibliografie

- ANON. 1854. *Theologia Germania*. London: Longman, Brown, Green, and Longmans.
- AUGUSTINUS, A. 1838. *Confessions*. London: William Collins.
- BAEUMKER, C. 1913. *Die Christliche Philosophie des Mittelalters*. Berlin: Teubner.
- BERNARD VAN CLAIRVAUX. 1987. *Selected Works*. New York: Paulist Press.
- DE VILLIERS, T. 1919. *Is Dr. Andrew Murray a Mystic?* Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.
- DIONISIUS. 1920. *On the Divine Names and Mystical Theology*. Grand Rapids, MI: Christian Classics Ethereal Library.
- DU PLESSIS, J. 1919. *The Life of Andrew Murray*. London: Marshall Brothers, Ltd.
- FESTUGIÈRE, A.J. 1975. *Contemplation et vie contemplative Platon*. Paris: Vrin.
- HARVEY, S. 1914. *The Mysticism of William Law*. London: Society for promoting Christian Knowledge.
- MURRAY, A. 1897. *Love Made Perfect*. New York: Fleming H. Revell Co.
- MURRAY, A. 1898. *The Two Covenants*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 1898a. *Dying to Self*. London: James Nisbet & Co., Ltd.
- MURRAY, A. 1953. *The Master's Indwelling*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2004. *Books*. Old Tappan, New Jersey: Spire Books.
- MURRAY, A. 2004a. *Believer's Secret of the Abiding in Christ*. Bloomington: Bethany House Publishers.

- MURRAY, A. 2004b. *A Life of Obedience*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2004c. *Abiding in Christ*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2012. *Power in the Blood*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2012a. *Believer's Secret*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2014. *Holy in Christ*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2014a. *Hebrews*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2015. *With Christ in the School of Prayer*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2016. *The Lord's Table*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2016a. *Ministry of Intercession*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2017. *The New Life. Words of God*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- MURRAY, A. 2019. *Working for God*. Bloomington: Bethany House Publishers.
- PLATO. 1980. *Verzameld Werk*. Vol. II. Antwerpen: Die Nederlandse Boekhandel.
- PLOTINUS, 2018. *The Enneads*. Vertaling G. Boys-Stones. Cambridge: Cambridge University Press.
- RUYSBROECK, J. 1692. *Opera Omnia*. Coloniae Agrippinae: Ioannis Wilhelm Friessem.
- RUYSBROECK, J. 1692a. "De Septem Gradibus Amoris" in *Opera Omnia*. Coloniae Agrippinae: Ioannis Friessem, pp. 213-227.
- RUYSBROECK, J. 1692b. "Samuel" in *Opera Omnia*. Coloniae Agrippinae: Ioannim Friessem, pp. 408-414.
- RUYSBROECK, J. 1692c. "De Vera Contemplatione" in *Opera Omnia*. Coloniae Agrippinae: Ioannim Friessem, pp. 324-394.
- RUYSBROECK, J. 1692d. "De Calculo" in *Opera Omnia*. Coloniae Agrippinae: Ioannim Friessem, pp. 281-292.
- RUYSBROECK, J. 1916. *The Adornment of the Spiritual Marriage*. Vertaling C.A. Wynschenk Dom. London: J.M. Dent & Sons Ltd.

UNDERHILL, E. 1912. *Mysticism*. London: Huen & Co. Ltd.

UNDERHILL, E. 1915. *Ruysbroeck*. London: G. Bell & Sons. Ltd.